

Graca se Droom


Melissa Fagan
Karlien de Villiers
Marike le Roux



Graca se Droom

Hierdie boek behoort aan







Graca se Droom

Written by Melissa Fagan

Illustrated & designed by Karlien de Villiers & Marike le Roux

with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 30 August 2014.

Translated by Bangula Lingo Centre cc

ISBN: 978-1-928365-06-8

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.

No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.


No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

Graca se Droom




Melissa Fagan, Karlien de Villiers
and Marike le Roux

Dit was amper tyd vir Graça se geboorte in 'n klein dorpie in Mosambiek. Die land was arm en die mense het hulle nog nie self regeer nie. Die kinders het nie goeie skole gehad nie en kon nie lees nie. Graça se ma het daarvoor gedroom om vir haar kinders beter geleenthede te gee. Maar sonder onderwys was daar min hoop.




Baba Graça sou die sesde kind wees. Maar by hierdie vreugdevolle geleentheid was daar groot hartseer. Hulle geliefde vader was besig om dood te gaan. Dit was sy droom dat sy jongste dogter na 'n goeie skool kom gaan. Hy het geweet onderwys sal vir haar geleenthede gee wat hy nie gehad het nie. Sy familie het belowe hulle sal sy droom laat waar word.



'n Paar weke na hul pa se dood is die nuwe baba gebore. Sy is 'n naam gegee wat pas by die skoonheid en seëning wat sy was – Graça. Soos wat die jare verby gaan, het Graça baie vreugde vir haar familie gebring en hulle het die belofte gehou wat hulle aan haar pa gemaak het. Graça sou goeie onderwys kry.



Graça het hard gewerk op skool en het 'n geskenk ontvang wat haar lewe sou verander. Dit was 'n merietebeurs om na 'n ryk stadskool te gaan. Haar droom was om 'n onderwyseres te word en om haar onderwys te gebruik om ander kinders te onderrig. Sy wou hê die kinders van haar geliefde Mosambiek moes almal kon lees en skryf. Sy het gedroom van 'n tyd wanneer alle kinders skool toe gaan.




Graça het haar bes in daardie stadskool
gedoen en later was sy weer geseënd. Dit
was 'n ander merietebeurs om 'n universiteit
in die verafgeleë Portugal by te woon. Sy het
nuwe vriende ontmoet, nuwe tale geleer en
'n magdom boeke gelees. Sy het haar droom
verwesenlik om 'n onderwyseres te word.

Dit alles het Graça baie gelukkig gemaak.
Daar was net een ding wat haar nog hartseer
gemaak het...



Terug by die huis was die mense nog steeds nie vry nie. Maar Graça het nou onderwys, vaardighede en hoop gehad. Sy het ook vriende gehad wat net soos sy gevoel het oor kinders se reg om te leer. Sy sou haar kennis gebruik en met haar vriende saamwerk. Saam sou hulle verandering in Mosambiek bewerkstellig.




Uiteindelijk, met die hulp van al haar
vriende was Mosambiek vry!



Die man wat gekies is om die land te lei was
Graça se spesiale vriend, Samora Machel.
Hulle het opmekaar verief geraak en getrou.



Graça het die belangrike taak gekry om seker te maak dat alle kinders in Mosambiek goeie onderwys kry. Dit was 'n moeilike taak want daar was so baie kinders in Mosambiek wat nie kon lees nie. Sy het geweet dat hulle onderwys nodig het en sy wou 'n groot verandering in haar land maak. Sy het met primêre skole begin en seuns en dogters in die klaskamers ingekry. Geletterdheid was haar fokus en om boeke in kinders se hande te sit.






Graça en Samora het twee kinders gehad.
Hulle het 'n droom gedeel om 'n goeie lewe
vir hul eie familie te skep en vir die mense van
Mosambiek. Hulle was gelukkig en vol hoop.

Toe een vreeslike dag is Samora in 'n
vliegtuigongeluk dood.




Graça het vir baie jare oor Samora getreur,
maar sy het weer liefde gevind. Sy het 'n man
ontmoet wat ook sy lewe aan sy droom gewy
het om vryheid, hoop en onderwys vir sy
mense te bring.

Graça het met Nelson Mandela getrou en
hulle het saam gewerk om Afrika se kinders
te help.



Graça se drome het waar geword. Sy het 'n onderwyseres geword. Sy het vryheid vir haar land gevier. Sy het dit vir meer kinders moontlik gemaak om onderwys te kry, en ook geleenthede om groot dinge te bereik.





Hier's 'n boek, my kind. Wat gaan dit jou inspireer om te doen?

